

KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 60 10 April 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Taal en simbole

Die volgende vlag van "restitusie" en "regstelling" het die RSA getref. Dit terwyl die vorige aanslagte steeds in felheid toeneem.

Die aanslagte teen die Afrikaanse taal is welbekend. Die vele skole wat hul na die howe moet wend, dui op die doelgerigtheid van hierdie aanslag. Die paaivoorde dat Potchefstroom se tersiêre onderwys "Afrikaans gaan bly", val op. Die optrede van die ANC-kaders weerspreek hierdie "woorde van vrede".

Die nuutste aanslagte is nou teen die "simbole van apartheid" by wyse van standbeelde wat geskend word. Baie mense verstaan hierdie woorde onkundig, hulle vereenselwig "apartheid" met die regeringstydperk van die Nasionale Party, met ander woorde vanaf 1948. Ander, soos die NHKA, verstaan apartheid as 'n onchristelike beleid wat gegeld het vanaf 31 Mei 1961 (vergelyk die BAKV se besluit: "Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verklaar dat die politieke beleid van apartheid wat toegepas is in die Republiek van Suid Afrika nie teologies geregverdig kan word nie en herroep hiermee alle

goedkeuring wat in die verlede van die beleid en uitsprake deur die Kerk en namens die Kerk. Dit was in stryd met die evangelie van Jesus Christus".)

Die probleem met hierdie benadering is dat dit nie rekening hou met die ANC-alliansie se verstaan van "apartheid" nie.

Jan van Riebeeck se aankoms op 6 April 1652 het die begin van Europese betrokkenheid aan die suidpunt van Afrika en die begin van die taal Afrikaans ingelui.

Die radikale uitsprake oor Jan van Riebeeck deur selfs die president, maak dit belangrik dat ons sake sorgvuldig moet bepeins.

Die swart inheemse volke se verstaan van die begrip "apartheid" verskil skynbaar van die blanke inheemse volke se verstaan van die begrip.

Laasgenoemde sal meer as een datum vir die implementering van apartheid kan voorstel. Vir baie van eersgenoemde, is die blote teenwoordigheid van Europeërs die begin van hierdie verskynsel.

Anders gestel, die ANC wil die blote teenwoordigheid van blankes sien as 'n vorm van apartheid. Die moontlikheid dat hierdie standpunt weer deur volgende geslagte as rou rassisme verstaan gaan word, moet nie uitgesluit word nie, maar

dit help nie in die noute waar ons tans is nie. Ons lewe midde in 'n land waarin hierdie denkpatriot bepalend en voorskriftelik word.

Die feit dat groot dele van die Kaap onbevolk was en dat swart en wit mekaar eers in die **Oos-Kaap** ontmoet het, maak blykbaar nie saak nie (of is mense nie van bewus nie).

Die feit dat Blankes (lees Hollanders en gou ook Franse) hulle lewens op Afrika-bodem via skepe begin het en daarna in Afrika opgetrek het, maak skynbaar geen indruk op ANC rasgedrewe denke nie. Die Afrika-boorlinge uit die suide het die Afrika-boorlinge uit die noorde in die omgewing van die Visrivier tegemoet gereis. Die een groep was toevallig wit en die ander groep toevallig swart. **Beide groepe was boorlinge van Afrika.**

Onder baie swart denkers bestaan die (dikwels geskepte) illusie dat blankes se blote teenwoordigheid onderdrukkend van aard is. Hierdie ontmoeting en alles wat daarna gebeur het, word daarom vanuit 'n "apartheid" raamwerk interpreteer. 'n Sterk bewussyn van die volle geskiedenis en die skryf van 'n gesamentlike geskiedenis raak broodnodig. Die ANC wil nou die geskiedenis van die "**oorwinnaar**" skryf, vanuit hulle perspektief, met hulle definisies as bepalend.

Indien die ANC se benadering gelyk gegee word, is elke blanke by verstek 'n rassis en skuldig aan "apartheid" vanaf geboorte. Dit kan tog nie waar wees nie. Dit sal dan ook die Afrikaanse taal uitsonder as 'n taal van "apartheid" (lees die Engelse apart .. hate) en "kolonialisme", gebore uit die 6 April 1652 aankoms. **So 'n taal sal dan geen morele bestaansreg kan afdwing nie.**

Die ironie is dat die Engelse teenwoordigheid eers in die 19e eeu begin het en dat die groep 1820 Britse setlaars in die Oos-Kaap en in Natal gevestig is. Die Engelse taal wat nou so aan almal voorgeskryf word, is juis die taal van die besetter en onderdrukker. Vreemd dat die taal gebore uit Afrika nou moet veg vir die reg om bestaan.

Die beeldestorms (wat met en sonder ontlasting geskied) is meer as net 'n aanslag op standbeelde. Dit is 'n aanslag op die siel van die (toevallig) wit Afrikaan.

Daar is ook baie Afrikaners wat nie 'n sagte woord het vir Cecil John Rhodes nie, maar dit gaan duidelik nie net oor hom nie, dit gaan oor "blankes en kolonialisme".

Ons gaan 'n manier moet vind om respekvol daarop aan te dring dat ons gelyke bestaansreg erken en respekteer word. Dan kan ons saam bou aan 'n toekoms sonder om die brons van vorige beelde te smelt om sogenaamde nuwe fondasies te giet.

BERIGTE

• Ottosdal byeenkoms.

Koersvas het verlede keer berig: "*Die gemeenskap van Ottosdal het Woensdag 11 Maart 2015 'n inligtingsvergadering gehou. Prof HG van der Westhuizen en dr J Otto is uitgenooi om die vergadering toe te spreek. Die vergadering was deels gehou in reaksie op die opdrag van die kommissie dat enige verdere vrae (na die byeenkoms van 4 Maart 2015 in die gemeente) met die tug hanteer sal word. Verskeie sake is uitvoerig in die vieruur-lange vergadering aangeroe. Van die sake wat hanteer is, is die Belhar belydenis, Besluit 54, die teologiese opleiding en*

homoseksualiteit. Almal teenwoordig, is dit eens dat die byeenkoms goed afgeloop het en dat die waarheid gesprek is in al die inligting wat aangebied is. Gemeentes en gemeenskappe wat die stilswye opgelê word of wie se predikant en/of kerkraad ly aan stilapie-stuipe, kan gerus Bondspredikante uitnooi om die volle waarheid te kom deel. Kontak dr Otto by 082 767 7891." Die gemeenskap van Ottosdal het intussen 'n Onafhanklike gemeente gestig en sal nou stadig die pad as steeds Hervormers begin loop. Baie welkom aan elkeen van u.

KENNISGEWINGS

- **Bondsvergadering.**

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer.

- **Bybelvasvra**

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra DV 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband soos self in streeksverband georganiseer

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

- **Advertensies**

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.
- Roedtan se gewilde 4x4 is hierdie naweek
- Schweizer-Reneke se Wildsfees is 9 Mei en hulle basaar 30 Mei.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- **Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015**

Paul en Ella help graag met:

Kalender R8-30 elk

Verlofregister R24-75 elk

Kwitansie R16-90 elk

Offergawe R6-60 elk

Dames Kwitansie R14-45 elk

Konsistorie R22-35 elk

Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

ella@teamworkprinters.com

- **[geloofsbond.co.za](http://www.geloofsbond.co.za)**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet beskikbaar. <http://www.geloofsbond.org.za/>

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.

Hervormde Kerk Roedtan

(onafhanklik)

DATUM: 11 April 2015

TYD: 07:00

PLEK: Ruimteplaas

(5km van Roedtan op Naboom pad)

**KOSTES: 4 x 4 Voertuig Bestuurders R300 (per rondte)
2 & 4wiel Motorfietse R100
R50 per passasier, Laerskool kinders GRATIS**

**KOSTALLETJIES SAL IN DIE OGGEND KOFFIE,
PANNEKOEK EN RIB-BURGERS VERKOOP**

**MIDDAG IS DAAR 'N BRING EN BRAAI
(Bring eie eet en drinkgoed sowel as stoele)
Gasbraaiers Welkom**

**KOM GENIET DIE DAG
SAAM AS 'N GESIN!!!**

Kobus / Santie Smit: 082 944 9309 / 8



Gemeente Schweizer-Reneke lid
van die onafhanklike Hervormde Gemeentes

Wildsfees - 9 Mei 2015

Landbousaal
18:30 vir 19:00
R130 Volwassenes
R 60 Laerskool kinders

Spyskaart
Driegangmaal met 'n verskeidenheid van wildsvleise
Kontant kroeg

Onthou ons Basaar vind plaas 30 Mei 2015 in die kerksaal

Fondsinsameling

Hervormde Kerk Vaalwater

Wen 'n

CZ550 .375 Holland & Holland Jaggeweer
ter waarde van R25000-00

Kaartjies @ R200-00

Kontak Hester by 079 528 6712 of
rvzguns@telkomsa.net vir besonderhede
Kaartjies is ook elektronies verkrygbaar
Trekking vind plaas op 12 September 2015

Villa Stoney

Oornag en-suite kamers

Zimmer frei

*Stay - over en-suite rooms
(5km vanaf Zambesi-tolhek)*

INA: 082 908 2831

e-pos: auri@mweb.co.za

